**Wie was Afarm Smit**

**Ks1-012**
Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat. **<u>Wagte voor Krugerhuis.</u>**

Foto Bron: Pr-25 p13; Cha-01 p55

Daar was gewoonlik wagte voor die huis van die president, gewoonlik ‘n lid van die Zarps [Polisie]. Tydens die Malaboch-oorlog van 1894 toe die Staatsartillerie en die Zarps te velde was, het ‘n tydelike wag van Pretoriase vrywilligers diens gedoen. Op hierdie foto verskyn van links na regs: komdt. Sarel Eloff [kleinseun van die President], C.M. de Vries, [later Burgemeester van Pretoria], Schultz, F.J. Wulfse, [later redakteur en eienaar van die Rustenburg Heraut], Karel Smit [broer van Afarm Smit], H. Oosterbroek, G. Heynik en sers. R.W. Kyenis. [Cha-01 p55]

